# HANDLEIDING

## Wat is 'n "Boiler Room"?

"Boiler Rooms" is die plekke waar energie vir die uitvoer van God se doelwitte opgewek word. Hulle is meestal in die middel van gebroke gemeenskappe geleë. Sommige mense praat van Generasie X kloosters omdat hierdie jeugbeweging herinner aan die antieke Keltiese kloosterbewegings. Alhoewel ons ver te kort skiet van daardie radikale gebedsgemeenskappe, kom ons agter dat ons tog baie van dieselfde dinge doen wanneer ons bymekaar kom. Die harte klop nog dieselfde, maar ons dra ander klere.

*"The monasteries of Celtic Christianity were where things happened! These were a combination of commune, retreat, house mission station, hotel hospital, school, university, arts and power house for the local community – a place not only of spiritual energy but also of hospitality, learning and cultural exchange."* (Ian Bradley)

Die "Boiler Room" is 'n jeug gedrewe inisiatief wat graag 'n gebedsgemeenskap wil vestig.

## Visie:

Om 'n nuwe generasie radikale bidders op te rig wat die wêreld rondom hulle verander deur 'n leefstyl van gebed.

## Waardes

- Radikale **GEHOORSAAMHEID** aan die Heilige Gees. Net soos Jesus, wil ons doen wat die Vader doen. Ons erken sy reg om ons reëls te verbreek en op ons sensitiewe tone te trap. (Joh 5:19; Ps 127:1; Joh 3:8)

- **VERHOUDINGS**. Ons is 'n gemeenskap van vriende met dieselfde visie en waardes, wat eerder deur vriendskap as deur funksie aangevuur word (Joh 15:14-15; Luk 10:1-22; 1 Petr 4:7-11; 1 Joh 4:7-12)

- **INHEEMS**. Ons respekteer, waardeer en eer kulturele diversiteit (Openb 7:9-10; Dan 1; 1 Kor 9:20-21)

- **INKLUSIEF**. Ons werk saam met enige iemand wat dieselfde visie en waardes as ons het, ongeag ras, ouderdom, geslag of denominasie. Ons bou eenheid en geniet diversiteit (Kol 3:11; Efes 4:3-6)

- **SOOS JESUS**. Ons streef daarna om soos Jesus te wees in hoe ons iets doen en wat ons doen. Die metodes heilig nie noodwendig die resultate nie (2 Kor 3:16-18).

- **DIEP GEWORTEL.** Ons wil graag groei in volwassenheid eerder as in getalle. (Ps 1:1-3)

- **KREATIEF en OORSPRONKLIK.** Ons hou van God-geïnspireerde kreatiwiteit as 'n integrale uitdrukking van gebed (Eks 35:30-35; Gen 1:1-2; Ps 45:1; Spr 8:22-31)

- **REGVERDIG.** Ons streef reg en geregtigheid en vryheid van spraak na vir die mensdom en die geskape wêreld (Jes 61; Luk 4:18-19; Rom 8:19-21; Jes 58)

- **RENTMEESTERSKAP.** Ons aanvaar verantwoordelikheid vir onsself, die mense om ons en die dinge waarmee God ons vertrou (Matt 25:14-30; 2 Kor 9:6-15)

- **OPOFFEREND.** Ons glo dat 'n lewenstyl van gebed op alle vlakke iets van ons eis (2 Kor 8:1-5; 1 Joh 3:16-18; Rom 12:1-2).

- **FEESVIEREND.** Ons glo dat Jesus gekom het om aan ons lewe in oorvloed te bring en dat ons 'n Christelike verantwoordelikheid het om oor alles wat goed is fees te vier. Pret en lag is deel van "Boiler Room"s en ons hoef dit nie te verdedig nie (Gen 1:31; Ps 24:1; Matt 11:19; Joh 10:10)

- **EENVOUDIG**. Ons is 'n netwerk van eendersdenkende mense en nie 'n soort gesofistikeerde organisasie nie. In effek is ons eintlik wild en onbeskaafd – passievol daaroor om mense se potensiaal te ontwikkel eerder as ons eie profiel (Ps 116:6; Luk 10:3-5; Joh 3:8)

## Ons glo vas dat daar 'n verband tussen gebed, kreatiwiteit en uitreik is.

Die **sleutels** tot 'n "Boiler Room" is:

1. **Deurlopende gebed (1 Tess. 5:17).** Deur die verskillende stasies/fokus areas in die kamer, bv. 'n plek vir lofprysing, danksegging, gebed vir die verlore mense, jou gemeenskap en die nasies, word dit 'n ontmoetingsplek met God en daarom moet dit ook reflekteer wie Hy is.
2. **Kreatiwiteit**, soos musiek, dans, digkuns, skilder en beeldhouwerk (Eks. 35:30-35, Ps. 150)
3. **Sien om na die armes** deur hande te vat met plaaslike projekte om die armes te bedien (Jes. 58:6-7).
4. **Gemeenskapsuitreike** (1 Pet. 4:7-8).
5. **Uitreike**: gebed mobiliseer effektiewe uitreike en dit maak die bidders meer sensitief vir die nood van die ongelowiges (Matt. 28:19-20).

Ons is 'n visueel-gestimuleerde generasie en daarom glo ons dat 'n "Boiler Room" gebedservaring jou sal inspireer en God sal verheerlik.

Doel:
Om jongmense te leer hoe om te bid deur vir hulle geleentheid te gee im te bid.

## Inleiding tot die praktiese goed:

Ons sal probeer om al jou praktiese vrae te beantwoord en jou te help om die ongelooflikste gebedsbyeenkoms ooit te reël! God sal dit doen!

- 'n "Boiler Room" is vir groepe wat weet dat God hulle oproep om te bid… maar wat besef dat hulle sleg is met bid! Hierdie tipe gebedsbelewenis sal normale, ongeorganiseerde mense vat en hulle leer om te bid – deur te bid.

- 'n "Boiler Room" is hoofsaaklik op jongmense gefokus (die kerkfamilie se verlore generasie) maar enige ouderdom mens kan kom deelneem hieraan.

## Hou dit eenvoudig

God vra dat ons **BID** en Hy vra dat ons Hom sal **GEHOORSAAM.**

Ons maak dit so ingewikkeld met ons konferensies, boeke en teorieë. Jesus sê net "**Kom**" en "**Gaan**".

**Kom** kuier saam… **kom** bid… **Gaan** maak 'n verskil…

Al wat jy regtig nodig het, is om 'n vertrek te kry, 'n paar mense te mobiliseer en te begin bid.

**Registreer jou "Boiler Room".** Ons nooi jou uit om jou "Boiler Room" te registreer sodat ons in julle ervarings kan deel, julle kan bemoedig en dat ons vir mekaar kan bid. (Registrasievorm is agter in hierdie boekie).

# Stap 1: Beplan jou "Boiler Room" (1e sleutel – Deurlopende gebed)

## (a) Hoe lank moet ons aanhou?

- Dit kan 'n paar uur wees (bv. 'n aand), of 'n naweek of 'n week.
- Sommige plekke bid 24-7.
- Dit is belangrik om jou plan deeglik te kommunikeer om mense te motiveer.
- Hierdie is veronderstel om 'n uitdaging te wees, so moenie te versigtig wees met jou beplanning nie. Maar, as jy twyfel, doen dit vir 'n week lank en hou dan aan vir nog een eerder as om groot te beplan en dan net moed op te gee na 'n klein rukkie.
- As jy die "Boiler Room" as 'n deel van die groter prentjie van jou kerk/gemeenskap sien, mag dit die tydperk beïnvloed (saam met 'n spesifieke geleentheid).

## (b) Hoekom het ons 'n gebedsplek nodig?

- Die Heilige Gees kan 'n plek net soos 'n mens vul (Hand 2:2).
- God se aanvoelbare teenwoordigheid na baie ure se gebed, maak dit makliker om te bid en die tyd gaan gouer verby (Een uur voel soos 10 minute, terwyl 10 minute by die huis baiemaal soos 'n uur voel). Die antieke Kelte het dit "dun plekke" genoem waar die sluier tussen die hemel en die aarde so dun is dat dit makliker is om te bid.
- Ons kultuur smag na heilige plekke – geestelike toevlugsoorde.
- Evangelies gesproke is die "Boiler Room" ideaal. Mense wat niks hou van preke nie, mag dalk graag wil hê iemand moet vir hulle bid.
- Kreatiewe en ongewone omgewings laat mense makliker bid. Hulle bid nie-verbaal deur skep kunswerke te skep en gedigte en graffiti op die muur vas te sit.

- Dit bevorder aanspreeklikheid. As jy nie opdaag nie, kom mense dit agter.
- 'n Gemeenskaplike plek verskaf 'n sterk gemeenskapsband deur mekaar se laste te dra en ook om saam te juig oor deurbrake.

(c) <u>Waar moet dit wees</u>?

- ✓ **Toeganklik**: iewers sentraal vir die mense wat snags kom.
- ✓ **Grootte**: Soek 'n kamer wat groot genoeg is om in rond te beweeg, ook vir groepe. 'n Medium-grootte kamer wat in temas verdeel is, werk baie goed.
- ✓ **Sekuriteit**: Laat die mense in pare bid, veral snags. Sorg dat elkeen 'n selfoon het vir noodgevalle, maar skakel dit af wanneer daar gebid word.
- ✓ **Fasiliteite**: Toilette is noodsaaklik.
- ✓ **Geraas/Rusverstoring:** Probeer 'n plek kry wat bure-vriendelik is, met mense wat kom en gaan en waar musiek reg deur die nag gespeel word.

(d) <u>Hoe moet dit lyk?</u>

- *Daar is nie reëls nie* – net 'n paar beginsels wat kan help om 'n gebedsvriendelike omgewing te skep. Gebruik jou verbeeldingom 'n plek in te rig wat God verheerlik en mense help om Hom te ontmoet. Vra een of meer kunstige mense om die kamer in te rig sodat dit 'n goeie impak maak wanneer mense inkom (meer idees later). Deel jou idees oor temas met hulle. Jy gaan 'n klein begroting nodig hê vir kunsmateriaal ens.
- *"Cleanliness next to Godliness"* – konstante onderhoud is nodig, veral in die kreatiewe afdelings. Kerse brand laag, penne raak droog en so voorts. Stel iemand aan om daagliks te sorg dat al die voorrade opgetop word en ook dat die plek skoongemaak word.
- Waar kerse gebruik word, sorg dat daar 'n *brandblusser* byderhand is.

Atmosfeer:

- **Beligting.** Verskillende ligte sal die regte atmosfeer skep, byvoorbeeld kersfeesliggies, disko ligte, gekleurde gloeilampe, kerse, infra-rooi ligte en UV-ligte.

- **Vloer.** Gebruik verskillende teksture materiaal op die vloer, materiaal, sand, polistireen, verpakkingsmateriaal, matte, mat teëls of strooi. Dit kan die hele dinamika van die "Boiler Room" verander.

- **Benodigdhede.** Sorg vir 'n verskeidenheid van items waarmee dinge geskep kan word, soos materiaal, klei, verf, papier, muurpapiergom, kleeflint, "staple gun", kramdrukker, skêre, tou, linte, eierboksies, gebruikte bottels, stukke dryfhout, emmers met sand, saad, water, klippe.

- **Video/DVD.** Vertoon 'n video van jou dorp of gemeenskap sodat mense kan bid terwyl hulle na die beelde kyk. Neem die nuus op en speel dit terug. Maak 'n opname by die plaaslike nagklub en speel dit voordat julle daarvoor bid.

Jy moet egter self ontdek wat moontlik is, daarom gee ons net 'n paar idees, maar laat weet ons asseblief wat en hoe julle dit gedoen het.

## Plekke van Gebed:

❖ Berou en vergifnis

Wanneer ons nader tot God se troon, moet ons altyd begin met berou en vergifnis. God se Woord sê dat slegs diegene met rein hande en suiwer kan in Sy heiligdom gaan staan (Ps. 24:4.). Berou is nie om jammer te sê nie, maar te erken dat jy verkeerd was. Ons moet ook vergewe, want Jesus het self gesê dat Hy ons net kan vergewe as ons ander mense vergewe. (Matt 6:14-15). Skep 'n plek vir reiniging van persoonlike sonde. Gebruik 'n kruis waar mense kan gaan sit "aan die voete van Jesus".

Jy kan 'n "sin bin" hê, 'n papier snipperaar waar papiere waarop sondes geskryf is gesnipper kan word aan die voet van die kruis. Gebruik ook 'n bak water waar hande gewas kan word, simbolies van rein hande. Verskaf brood en wyn vir nagmaal.

❖ Heilige plekke
- Sit net in verwondering in Sy teenwoordigheid. Luister na wat God sê (maak notas). Bid die Woord.
- Hierdie is veronderstel om 'n plek van stilte te wees. Jy kan 'n tent opslaan vir mense wat op hul eie wil wees, of 'n gebedsgrot skep met kartonbokse.
- Sit 'n verbintenisboks neer. (Niemand sal hierdie boks oopmaak nie, die verbintenis is met God).
- Skep ruimtes waar mense mekaar se voete kan was en saam nagmaal kan gebruik.

❖ Lofprysing en aanbidding – 'n plek vir kreatiewe musiek, sang en dans tot lof van God. Indien moontlik stel musiekinstrumente, CD spelers, vlae en baniere beskikbaar.

## TEMA MURE:

Tensy jy in 'n windmeul of 'n vuurtoring is, behoort daar vier mure te wees. Jy kan teen elke muur 'n ander gebedsfokus aanbring. Byvoorbeeld:

*'n "Welkom" muur* – Sit die tema's en doel, visie en waardes met visuele voorstellings naby die deur op.
- 'n 30-sekonde opname (oudio of video) wat mense welkom heet, sal hulle help om te fokus.
- 'n register waarop een uur skofte bespreek kan word met die telefoonnommer van die verantwoordelike persoon.

'n "Wailing Wall" waar gebedsversoeke neergeskryf word, amper soos die Jode in Jerusalem by die ou muur van die tempel doen.

- **Wasgoedpennetjies gebede**: Skryf die name van ongeredde vriende, familie en werk/skool kollegas op gekleurde stukkies papier en gebruik die pennetjies (of Prestic) om dit aan 'n tou/draad vas te steek of teen die muur vas te plak. Wanneer jy jou versoek vassteek, bid ook vir een wat reeds daar vas is.
- **Tou van gebed**: Laat 'n paar toutjies uit die plafon afhang en steek stukkies papier met gebedsversoeke daaraan vas.
- **Voëlsaad gebede**: Bedek 'n muur met papier, gebruik dan gom om die naam van 'n ongeredde mens te skryf. Gooi voëltjiesaad daarna terwyl jy bid. Die saad sal vasklou aan die gom. 'n Wêreldkaart kan gebruik word om te bid vir verlore nasies.

'n Aanbiddingsmuur. Hierdie is vir gebede vol lof en verwondering oor God. Gebruik drie verskillende fokuspunte:

- **Dankie Muur** – gebruik vorms of gekleurde papier, skryf dankies neer en plak hulle teen die muur of venster met die woorde sigbaar vir mense wat verbyloop.
- **God is… Muur** – Gebruik die name van God om Hom te vereer en te loof. Dink na oor die karakter van God en wat dit vir ons beteken. Gebruik papier en skryf jou ervaring neer. Oordink wat God in jou lewe gedoen het en koppel dit aan 'n Naam (gebruik "Bid die Woord").

Beloftes Muur – gebruik skrifgedeeltes met die beloftes van God, skryf dit op klippe, bid daaroor en pak die klippe in 'n mandjie of in 'n glasbak. Dank God vir sy trou (gebruik "Bid die Woord").

Realiteitsmuur – Bid vir jou skool/kampus, gemeenskap, gemeente, stad en land. Bid ook vir die leiers. Plak al die inligting wat jy kan kry teen die muur. Koerantuitknipsels werk goed. Knip dit uit, plak dit teen die muur onder die spesifieke fokus en bid daaroor.

Kreatiwiteitsmuur – As jy al jou energie ingooi om te bid, gaan woorde alleen nie genoeg wees nie. Dis nodig om jou uit te druk deur

digkuns, simboliek, dans, sang, beeldhoukuns, skilderkuns, graffiti, klank, ligeffekte en reuke om God waarlik te aanbid.

Hierdie behoort 'n plek te wees waar elkeen gemaklik en veilig voel om uitdrukking te gee aan alles wat God in hul lewens uitgestort het om nader aan mekaar en aan Hom te kom. Hou papier en potlode, merkpenne, verf ens. gereed. Plak die kunswerke teen die muur vas sodat dit ander mense kan inspireer. In sommige plekke kan jy direk op die mure graffiti aanbring en aan die einde net bo-oor verf.

Nasies Muur – Bid vir die nasies met 'n wêreldkaart, koerantuitknipsels, politieke en sosiale detail van nasies. Operation World is 'n uitstekende bron om te gebruik (ook op CD. Vlae en 'n opblaas aardbol werk ook goed. Bid vir sendelinge wat jy ken.

## Ander Temas:

**Smeltoond.** Bedek die mure en plafon met tinfoelie en met kreukelpapier (oranje, geel en rooi). Skep vlamme wat van die plafon en vloer af kom en teen die mure brand. Sit ook verwarmers aan.

**Waterwêreld.** Gebruik water, skep 'n waterval en riviereffek daarmee. Verf die kamer blou en jy het 'n vars nuwe gebedspasie.

**Krytgebede.** Verf die gebedspasie heeltemal swart met bordverf, vloer, plafon en mure. Gee vir die mense verf en bordkryt wanneer hulle kom bid.

**Globale fokus.** Internasionale geur – sit kaarte en prentjies van tydskrifte en koerante van verskillende nasies op teen die muur. Gebruik nuusopnames op video en videos van verskeie welsynsorganisasies as inspirasie om te bid.

## Die Ingang:

**Droë bene.** Hang karton wat gesny is om soos beendere te lyk van die plafon af om die vallei van droë beendere te simboliseer.
**Oorlogsone.** Gebruik kamoefleernette, sandsakke ens. om 'n oorlogsone in die ingang na te boots.
**Heilige grond.** Plaas 'n groot kennisgewingbord by die ingang wat sê: "Trek jou skoene uit, want jy betree nou heilige grond".

## Boeke om in te skryf:

1. 'n Boek vir vrae – Wanneer die vrae beantwoord word, moet dit so gou as moontlik gedoen word en Skrifgefundeerd wees.
2. 'n Boek vir gebedsversoeke – As julle dit gebruik, moet iemand hiervoor verantwoordelikheid aanvaar en sorg dat mense oor die versoeke sal bid.
3. 'n Getuienisboek – Antwoorde op gebed en lewensveranderende ervarings.

## Nog goed:

- 'n Bybel en 'n gebedsboek. "Bid die Woord" en ander gebedsgidse.
- CD's en DVD's oor gebed.
- Enige belangrike profetiese woorde of Skrifte wat jou gemeente/gemeenskap ontvang het, kan op plakkate aangebring word.
- Maak plakkate van gebedsaanhalings.
- 'n Plaaslike koerant.
- Simbole of prente wat strategies geplaas kan word om mense se gebede te rig.
- Lugverfrisser!!!

## Stap 2 – Berei die mense voor.

"The two essential conditions for revival are prayer and unity." (Winkie Pratney)

- Eenheid breek vinniger mure af as enige iets anders; dit dra gesag oor 'n gemeenskap. Indien ons geestelik 'n impak wil maak, moet ons een van hart wees. Satan gebruik verdeeldheid en onmin as 'n strategie om die gesteelde terrein wat hy verower het, te verdedig.
- Die heel belangrikste stap is om mense voor te berei om te besef dat hierdie 'n plek is waar mense intiem kan tyd spandeer saam met hul Hemelse Vader, 'n plek van transformasie.
- Mense van dieselfde portuur kan hul eie portuurgroep die beste beïnvloed, sleutel leiers beïnvloed ander leiers, jeugwerkers trek ander jeugwerkers; studente kan ander studente maklik bymekaar kry en so aan. Dit verg fyn kommunikasie om mense te inspireer en te mobiliseer om betrokke te raak.
- Kommunikeer met die leiers, oortuig hulle en kry hulle aktief betrokke.
- Versamel soveel name en kontakbesonderhede as wat jy kan om 'n databasis van toegewyde bidders op te bou. Behou kontak en bemoedig hulle deur hulle op hoogte te hou van ontwikkelings in die gemeenskap en gebedsverhoring.
- Moedig die mense aan om hul getuienisse oor beantwoorde gebede met ander te deel om so hul geloof te versterk.
- Ontwerp 'n pamflet en besoek jeuggroepe, skole ens. om die visie met hulle te deel en so die hele kerk/gemeenskap opgewonde en betrokke te kry.
- Gee vir mense 'n armband of 'n klein plakkertjie om hulle te herinner aan hulle gebedstye.
- Moedig mense aan om vir 'n tydperk te vas. (Dit kan dalk net wees om van sjokolade, TV of van spesifieke kosse te vas).
- Spel die doel duidelik uit.
- Indien moontlik, skep jou eie webblad en maak die "Boiler Room" deel daarvan.
- Laat mense bid soos hulle wil. Party mense kniel in stilte en ander praat hard en gil.
- Kinders en tieners moet onder volwasse toesig bid.

- Maak 'n span bymekaar wat beskikbaar is om leë gebedsure te vul, op roep te wees vir noodgevalle en beskikbaar sal wees om op te ruim.
- Doen net dit wat regtig noodsaaklik is; jy hoef nie etes, vervoer, baba-oppassers of berading te verskaf aan die bidders nie.

## Stap 3 – Loods jou "Boiler Room".

**Groot afskop:** Maak iets groots daarvan!
Julle is besig met iets geskiedkundigs. Hou 'n bladsy gereed waarop mense steeds hul name vir gebedsure kan opskryf.

- Die beste manier om te begin bid, is met lofprysing.
- Gooi die 24-7.com webblad op die skerm sodat mense kan sien waar daar nog groepe is wat saam bid.
- Maak 'n spesiale geleentheid van die afskop van die "Boiler Room". Wees kreatief!
- Wanneer 'n "Boiler Room" se afskop spesiaal is, kan dit nog lank 'n impak hê. Baie mense bly skepties oor 24/7 gebed en sal eers gemaklik daaroor raak wanneer hulle deelgeneem het aan die gebed.

Mag julle "Boiler Room" God verheerlik

# "Boiler Room" Registrasie

Stad/dorp/kampus/gemeente/plek:……
Kontak persoon: ……
Posadres: ……
……
……Poskode:……
Tel.(w): ……
Tel.(h):……
Selfoon: ……
Epos:……

Stuur hierdie voltooide vorm asseblief aan Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk:

Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk
Tel.: +27(0)12 365 3213
Faks: +27(0)86 594 0565
Adres: Privaatsak X22, Lynnwoodrif 0040
E-pos: pray@jwipn.com